INHOUD	Het ge-analiseer en historiese verklarings maak. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	Het ge-analiseer en historiese verklarings maak. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	Poog om te analyseer en historiese verklarings toe te pas. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	Poog om te analyseer en historiese verklarings toe te pas. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktu-reerd.	Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poging tot strukturering.	Analise en historiese verklarings soms of glad nie maak nie. Geen duidelike struktuur nie.	Geen analises en historiese verklarings nie. Geen struktuur nie. Onlogies (tot 'n sekere mate).
VLAK 1 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	A+ 47 - 50	A 43 - 46	A- 40 - 42			A: 120 - 150 B: 105 - 119 C: 90 - 104 D: 75 - 89 E: 60 - 74 F: 50 - 59 FF: 45 - 49 G: 38 - 44 GG: 30 - 37 H: 0 - 29	
VLAK 2 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie is relevant.	A 43 - 46	A- 40 - 42	B+ 38 - 39				
VLAK 3 Vraag tot 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	B+ 38 - 39	B 36 - 37	B- 35	C+ 33 - 34			
VLAK 4 Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Effens onvoltooid en meestal relevant.			C+ 33 - 34	C 31 - 32	D+ 28 - 29		
VLAK 5 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang (soms irrelevant).				C- 30	D 26 - 27	E+ 23 - 24	
VLAK 6 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Inhoud skraal (soms irrelevant).					D- 25	E 21 - 22	E- 20
VLAK 7 Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud skraal of ontoereikend. Grootliks/ heeltemal irrelevant						E- 20	F 13 - 19 G 07 - 12 H 00 - 06

AFDELING A:

OPSTELVRAE

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE IN GEBRUIK BY DIE SPESIFIEKE SENTRUM**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY DIE RIGLYN VIR DIE NASIEN VAN 'n SPESIFIEKE OPSTEL.**

VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU**VRAAG 1A**

Bespreek die politieke, maatskaplike en ekonomiese uitdagings wat die ontwikkeling van Afrika-state moeilik gemaak het. [50]

SINOPSIS

Die kandidaat behoort 'n bespreking van die politieke, maatskaplike en ekonomiese uitdagings wat Afrika-state in die gesig gestaar het na onafhanklikheid aan te bied. Die bespreking wat aangebied word behoort van 'n generiese aard te wees. Voorbeelde uit individuele Afrika-state mag egter gebruik word om die gegewe lyn van bespreking te illustreer.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om die vereistes van die vraag aan te spreek en om die gegewe lyn van argumentasie te ontwikkel. 'n Suiwre neerskryf van die 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Behoort 'n inleidende stelling oor die politieke, maatskaplike en ekonomiese uitdagings wat deur Afrika-state in die gesig gestaar is na onafhanklikheid aan te bied.
Enige ander toepaslike inleiding

UITEENSETTING

- Politieke uitdagings
 - Lokalisering
 - Diktatorskappe, een-party state
 - Regeringskorrupsie
 - Demokratiese regeringstelsels
 - Multi-etniese state
- Ekonomiese uitdagings
 - Gebrek aan industrialisasie
 - Een-produk uitvoereconomieë
 - Landbou as bestaansaktiwiteit
 - Gebrek of verswakking van infrastruktuur
 - Gebrek aan buitelandse beleggings
 - Buitelandse skuld
 - Misbruik van buitelandse hulp en kapitaal

- Maatskaplike uitdagings
 - Onderwys
 - Gesondheid
 - Armoede en wanvoeding
 - Bevolkingsgroei
 - Verstedeliking

- Samevatting - Leerder moet 'n logiese slotopmerking aanbied oor die uitdagings wat Afrika-state na onafhanklikheid in die gesig gestaar het deur die bespreking saam te bind. Enige ander toepaslike slotopmerking

VRAAG 1B

Bespreek die oogmerke/doelwitte en prestasies van die OAE vanaf 1963 tot 1994. **[50]**

SINOPSIS

In die beantwoording van hierdie vraag moet die kandidaat 'n bespreking oor die suksesse en mislukkings van die OAE vanaf 1963 tot 1994 aanbied. Suksesse en mislukkings, teen hierdie agtergrond, moet gemeet word aan die gestelde oogmerke en doelstellings van die OAE soos dit opgeneem is in die Handves.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om die vereistes van die vraag aan te spreek en om die gegewe lyn van argumentasie te ontwikkel. 'n Suiwre neerskryf van die 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding - Daar word van die kandidaat verwag om 'n buitelynbespreking oor of die oogmerke en/ of die prestasies van die OAE aan te bied.
Enige ander toepaslike inleiding

UITEENSETTING

- Doelwitte en Oogmerke van die OAE
- Tekortkomings/ probleme
 - Territoriale en etniese dispute
 - Jaloesies onder leiers van state
 - Gebrek aan eenheid
 - Gebrek aan finansiële ondersteuning
 - Probleme met Afrika-bevrydingsbewegings (burgeroorloë)
 - Armoede in lidstate
- Suksesse/ prestasies
 - Dekolonisasie (debatteerbaar)
 - Beleid van onverbondenheid (debatteerbaar)
 - Ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika (nie alle Afrika-state nie)
 - Totstandkoming van Afrika-Ontwikkelingsbank in 1967
 - Nieuwe samewerking met VN
- Samevatting - Moet die redenasie saambind deur dit in verband te bring met die prestasies van die OAE.
Enige ander toepaslike slotopmerking

VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND**VRAAG 2A**

Verduidelik die ekonomiese beleide (Oorlogskommunisme en die Nuwe Ekonomiese Beleid) wat in Sowjet-Rusland tussen 1918 en 1924 geïmplementeer is. **[50]**

SINOPSIS

Die kandidaat se antwoord moet gebou word rondom 'n verduideliking van die verskille tussen die NEB en Oorlogskommunisme.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om die vereistes van die vraag aan te spreek en om die gegewe lyn van argumentasie te ontwikkel. 'n Suiwre neerskryf van die 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Daar word van die kandidaat verwag om 'n buitelynbespreking aan te bied oor ekonomiese beleide wat in Sowjet-Rusland tussen 1918 en 1924 aangebied is.
Enige ander toepaslike inleiding

UITEENSETTING

- Oorlogskommunisme en landbou
 - Oogmerk: voedselverskaffing aan Rooi Leër en nywerheidswerkers
 - Staatsbesit van grond
 - Geforseerde lewering van voedsel aan staat
 - Geen opgaar van voedsel toegelaat
 - Gebruik van Cheka (geheime polisie) om beleid toe te pas
 - Afname in landbouproduksie
- Oorlogskommunisme en industrie
 - Nasionalisering van alle nywerhede en banke
 - Werkdag verleng van 8-11 ure
 - Arbeid kon benut word waar daar behoefte aan bestaan het
- NEB en landbou
 - Oogmerk: om ondersteuning van kleinboere te verkry
 - Grond mag gehuur word en werkers in diens geneem word
 - Belasting betaal aan staat
 - Surplusse kon op ope mark verkoop word
 - Toename on landbouproduksie
 - Opkoms van Koelakke
 - Geforseerde lewering van voedsel opgeskort

- NEB en industrie
 - Industrieë met minder as 20 werkers geprivatiseer
 - Groter industrieë onder staatsbeheer
 - Opkoms van NEPMEN (handelaarsklas)
 - Toename in industriële produksie

- Samevatting - Moet die bespreking saambind deur die aanbieding van 'n slotopmerking wat verband hou met die implementering van Oorlogskommunisme en die Nuwe Ekonomiese Beleid in Rusland tussen 1918 en 1924.
Enige ander toepaslike slotopmerking

VRAAG 2B

Bespreek die implementering van Stalin se Vyfjaarplanne in Sowjet-Rusland tussen 1927 en 1941. **[50]**

SINOPSIS

Kandidate moet die implementering van die Vyfjaarplanne in Rusland bespreek tussen 1927 en 1941.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om die vereistes van die vraag aan te spreek en om die gegewe lyn van argumentasie te ontwikkel. 'n Suiwre neerskryf van die 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Daar word van die kandidaat verwag om 'n buitelynbespreking aan te bied oor die implementering van Stalin se Vyfjaarplanne tussen 1927 en 1941.
Enige ander toepaslike inleiding

UITEENSETTING

- Eerste Vyfjaarplan
 - Doelwitte
 - Prestasies
- Tweede Vyfjaarplan
 - Doelwitte
 - Prestasies
- Derde Vyfjaarplan
 - Doelwitte
 - Uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog
- Samevatting - Moet die redenasie saambind deur die aanbieding van 'n slotopmerking wat verband hou met die implementering van Stalin se Vyfjaarplanne tussen 1927 en 1941.
Enige ander toepaslike slotopmerking

VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA**VRAAG 3A**

Beskryf die tekortkomings/swakhede van die Amerikaanse ekonomie wat gelei het tot die ineenstorting van die Amerikaanse Effektebeurs in 1929. [50]

SINOPSIS

Ofskoon die 1920's in Amerika gereeld beskryf word as die "Sewe Vet Jare" of 'n bloeiperiode, was daar onderliggende swakhede in die ekonomie wat aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die Amerikaanse Effektebeurs op Wallstraat in 1929. Daar word van die kandidaat verwag om die verskillende faktore te bespreek en te verduidelik waarom daar swakhede bestaan het.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om die vereistes van die vraag aan te spreek en om die gegewe lyn van argumentasie te ontwikkel. 'n Suiwre neerskryf van die 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Daar word kandidate verwag om 'n inleidende buitelynbespreekking aan te bied oor of die ineenstorting van die Amerikaanse Effektebeurs en/ of die inherente swakhede in die Amerikaanse ekonomie.
Enige ander toepaslike inleiding

UITEENSETTING

- Ongelyke verspreiding van rykdom
 - Nie alle Amerikaners het voordeel getrek uit die bloeiperiode nie
 - Baie kon verbruikersgoedere nie bekostig nie
- Oorproduksie
 - Beide landbou en industrie het meer goedere geproduseer as wat daar aan die Amerikaanse publiek verkoop kon word
- Spekulاسie
 - Mense het aandele gekoop met die hoop om wins te maak.
 - Aandeelpryse het opgeskiet na onrealistiese vlakke omdat mense nie daarop gelet het dat die ekonomie besig was om af te koel nie
- Beleid van Republikeine
 - Al bovermelde vererger
 - Maatskapy en banke nie gereguleer nie. Hoë tariewe het beteken dat landbou en nywerheid nie maklik oorsese goedere kon invoer nie.
- Samevatting - Moet die argument saambind deur weereens te verwys na die swakhede in die Amerikaanse ekonomie wat aanleiding gegee het tot die ineenstorting op Wallstraat.
Enige ander toepaslike slotopmerking

VRAAG 3B

Verduidelik hoe Roosevelt se New Deal-agentskappe ('staatsliggame') Verligting, Herstel en Hervorming in Amerika gebring het tussen 1933 en 1939. [50]

SINOPSIS

Dit word van die kandidaat verwag om die werk van die verskillende agentskappe wat deur Roosevelt tot stand gebring is te bespreek. Antwoorde moet duidelik verduidelik word sodat die regte agentskappe verbind word met verligting, herstel en hervorming. Dit is onnodig om al die agentskappe wat genoem word in die uiteensetting hieronder op te noem, maar 'n verteenwoordigende voorbeeld moet aangedui word.

NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om die vereistes van die vraag aan te spreek en om die gegewe lyn van argumentasie te ontwikkel. 'n Suiwre neerskryf van die 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding – Die kandidaat moet 'n inleiding tot Roosevelt se New Deal aanbied met spesifieke klem op die agentskappe wat verantwoordelik was vir Verligting, Herstel en Hervorming.
Enige ander toepaslike inleiding

UITEENSETTING

- Verligting
 - Optrede geneem vir hulp aan werkloses en mense sonder huisvesting.
 - Civilian Conservation Corps (CCC) werk verskaf aan jong mense op herwinningsprojekte
 - Social Security Act verskaf maatskaplike toelae
 - Civil Works Administration (CWA) openbare werk verskaf aan 4 miljoen mense
 - Works Progress Administration (WPA) openbare werk van waarde aan gemeenskap
 - Farm Credit Administration (FCA) werk verskaf aan boere wat hul grond verloor het
- Herstel
 - Optrede vir herstel van landbou en industrie
 - Agricultural Adjustment Act (AAA) lenings en advies aan boere verskaf
 - National Recovery Administration (NRA) maatskappye aangemoedig
 - Tennessee Valley Authority (TVA) lewensomstandighede in 7 state verbeter
- Hervorming
 - Optrede om verdere ekonomiese ineenstorting te verhoed
 - Wagner Act werkers toegelaat om by unies aan te sluit
 - Securities and Exchange Commission tot stand gebring om werk van Effektebeurs te reguleer

- Samevatting – 'n Afsluitingsparagraaf oor Roosevelt se New Deal met besondere verwysing na die agentskappe wat verantwoordelik was Verligting, Herstel en Hervorming.
Enige ander toepaslike slotopmerking

AFDELING B: BRON-GEBASEERDE VRAE**DIE NASIEN VAN BRON-GEBASEERDE VRAE**

- In die nasien van alle bron-gebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- In die toekenning van punte moet klem daarop geplaas word of die vereistes van die vraag aangespreek is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in skuinsgedrukte skrif.

VLAKKE VAN BRON-GEBASEERDE VRAAGSTELLING

VLAK 1 (V 1)	Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne.
VLAK 2 (V 2)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAK 3 (V 3)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAK 4 (V 4)	Komplekse interpretasies wat meer as een bron mag behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiserende konsepte (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuiteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en, as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend, om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne.

VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU**4.1 KOLONIALISME IN AFRIKA**

- 4.1.1 (a) *[Interpretasie van inligting uit bron, V1]*
 ▪ Die reg om hulself te regeer (1 x 2)
- 4.1.1 (b) *[Breër kennis vereis, V2]*
 • Omdat meeste Afrika-lande steeds regeer is deur koloniale magte in 1945 eerder as deur die inheemse bevolking. (1 x 2)
- 4.1.1 (c) *[Seleksie van inligting uit bron, V1]*
 • Koloniale werkers (of boere) (1 x 2)
- 4.1.1 (d) *[Seleksie van inligting uit bron, V1]*
 • Wapens wat genoem word is 'stakings'
 • 'Boikotte' (2 x 1)
- 4.1.1 (e) *[Breër kennis vereis, V2]*
 • 'n **Staking** is wanneer werkers weier om met hul werk voort te gaan totdat aan sekere eise voldoen is.

 'n **Boikot** is wanneer mense weier om 'n sekere produk te gebruik, deel te neem aan 'n bepaalde proses, 'n sekere plek te besoek totdat daar aan spesifieke eise voldoen is. (1 x 3)
- 4.1.2 (a) *[Seleksie van bewyse uit bron, V3]*
 • Enige **drie** van die volgende aspekte van lewe onder kolonialisme:
 - Mense sterf sonder enige oënskynlike rede
 - Mense gaan gebuk onder die gewig van onderdrukking
 - Sukkel om 'n bestaan te maak
 - Gebrek aan humor, die lewe is te moeilik
 - Swaarkry onder onmenslike stelsel, onderdrukking
 - Lewe in vrees (gebrek aan regverdigheid) (enige 3 x 1)

- 4.1.2 (b) [*Seleksie van inligting uit bron, V1*]
- Om op te staan en nee te gil
 - Uitdaging en omverwerping van koloniale magte. (2 x 1)
- 4.1.3 [*Komplekse interpretasie uit meer as een bron, V4*]
- Beide bronne deel gedagte dat kolonialisme onderdrukkend is
 - Tot 'n einde gebring moes word deur optrede van mense van Afrika. (2 x 2)
- 4.1.4 (a) [*Seleksie van bewyse uit bron, V1*]
- Kaunda wil 'selfregering' nou hê (1 x 1)
- 4.1.4 (b) [*Eenvoudige interpretasie, V1*]
- Kan bereik word deur nie-gewelddadige
 - Maar positiewe aksie (2 x 1)
- 4.1.5 (a) [*Eenvoudige interpretasie van bron, V3*]
- Welensky geglo dat Afrikane kon met verloop van tyd groter sê in regering geniet - sal egter baie tyd vereis. Tempo van verandering sal bepaal word deur koloniale magte (1 x 3)
- 4.1.5 (b) [*Eenvoudige interpretasie van bron, V3*]
- Nee, gekant teen selfregering (1 x 2)
- 4.1.5 (c) [*Eenvoudige interpretasie van bron, V3*]
- Welensky geglo dat Afrikane ten beste gelyke vennote van Europeërs kon word,
 - Maar dat hulle hierdie verhouding nooit sal oorheers nie (ten spyte daarvan dat hulle meerderheid van bevolking uitmaak) (2 x 2)

4.1.6 [Basiese tot komplekse seleksie van inligting deur gebruik te maak van meer as een bron, begrip van die periode en empatie, V4]

Gebruik die matriks hieronder tesame met die bron-gebaseerde inligting om u nasien te lei.

Die punte wat hieronder aangebied word dien alleen as 'n riglyn vir nasien.

- Woede, frustrasie, miskenning
 - Ofskoon Welensky wel verklaar dat Afrikane 'n sê gegee moet word in die bestuur van die land
 - Hy glo egter nie dat hulle hulself moet regeer nie en die tydsperiode wat gestel word is te stadig vir 'n jeugdige persoon wat smag na verandering (100-200 jaar).
- Inspirasie en aangevuur deur Kaunda se aandrang op 'selfregering nou'
 - Diop se gedig en eise van Pan-Afrika Konferensie.
 - Aandrang op optrede om verandering onmiddellik aan te bring (let daarop dat Kaunda deurentyd klem lê op dissipline binne die party)

Vlak 1	Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse. Kandidaat maak gebruik van emosionele taal.	Punte: 1-2
Vlak 2	Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en tot 'n groot mate verband hou met die onderwerp. Wend pogings aan om bewyse in verband te bring met emosies.	Punte: 3-4
Vlak 3	Onttrek relevante bewyse uit bronne wat baie goed met die taak verband hou. Maak duidelike en toepaslike verbande tussen emosies en bewyse.	Punte: 5-6

(6)
(38)

4.2 VERSKILLENDE PERSPEKTIEWE OP AFRIKA-EENHEID4.2.1 *[Seleksie van inligting, V1]*

- Die volle politieke eenheid van Afrika (1 x 2)

4.2.2 *[Seleksie van inligting uit meer as een bron, V3, V4]*

- **Nkrumah** het geglo dat ofskoon Afrikane nie 'n gemeenskaplike taal, kultuur, ras, ens. in gemeen het nie, hulle 'n gemeenskaplikheid as Afrikane deel. Hierdie sal hulle toelaat om te verenig
- **Arifalo** het geglo dat eenheid wonderwerk sou wees weens die Verskillende tale, kulture, vlakke van ontwikkeling, ens. (2 x 2)

4.2.3 (a) *[Komplekse interpretasie van meer as een bron, V3, V4]*

- Nee (1 x 2)

(b) *[Komplekse interpretasie van meer as een bron, V3, V4]*

- Spotprent beeld spanning tussen Afrika-state binne OAE uit. Stry onder mekaar
- Nkrumah optimisties gebly oor bereiking van eenheid in Afrika. Beklemtoon gemeenskaplikhede tussen Afrikane (2 x 2)

[12]
[50]

VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WêRELDOORLOG GELEI HET**5.1 DIE BRITSE PAAIBELEID EN DUITSE BUITELANDSE BELEID**5.1.1 *[Seleksie van inligting uit bron, V1]*

- Vereniging van alle Duitsers; uitsluitend Jode
- Duitse gelykheid met ander nasies
- Opheffing van Vrede van Versailles en Saint Germain
- Meer grondgebied vir Duitsers (enige 2 x 1)

5.1.2 *[Verduideliking van inligting, V2]*

- Deur oorlog/ gebruik van geweld
- Aanvalle op Oostenryk, Tsjeggo-Slowakye, Brittanje en Frankryk (Bron 5B) (2 x 2)

5.1.3 (a) *[Betroubaarheid, L4]*

- Ja, dit is betroubaar. (1 x 2)

5.1.3 (b) *[Verduideliking, V2]*

- Dit is kontemporêre bron/ werklike verslag
- Vergadering van Leërgeneraals.
- Hitler waarskynlik Oostenrykse regering verag omdat hulle die terme van die Verdrag van Versailles aanvaar het, veral insoverre dit gestipuleer het dat Oostenryk nooit met Duitsland mag verenig nie.
- Hitler wou Tsjeggo-Slowakye vernietig sodat die Sudetenland, voorheen 'n Duitse kolonie, met Groter Duitsland kon verenig. (enige 2 x 2)

5.1.4 *[Interpretasie, V3]*

- Vertrouensverhouding, geloof in Duitsland se oënskynlike goeie bedoelings, ens (1 x 2)

- 5.1.5 (a) *[Interpretasie, V3]*
- Nee, dit wil nie voorkom asof hy daarvan bewus was nie.
 - Kon kennis gedra het, maar het verkies om dit te ignoreer
 - Vertrou Hitler
- (enige 1 x 2)

- 5.1.5 (b) *[Verduideliking en interpretasie, V4]*
- Voorkom of hy vir Hitler admirer. Glo ook nie dat Hitler enige land in Europa wou intimideer nie
 - Brittanje nie gereed vir oorlog nie
 - Gekies om Hitler as bedreiging te ignoreer
 - Enige ander toepaslike antwoord
- (enige 2 x 2)

- 5.1.6 a) *[Eenvoudige interpretasie, V3]*
- Nee of Ja.
- (1 x 2)

- 5.1.6 (b) *[Eenvoudige interpretasie, V3]*
- Indien "Nee":**
- Hy het geglo dat Duitsland eenvoudig 'n nouer unie met Oostenryk verlang het
 - Dieselfde het gegeld m.b.t. Tsjeggo-Slowakye
 - Brittanje het geglo dat nouer vereniging op vredeliewende manier bereik kon word
- (2 x 2)

OF

[Eenvoudige interpretasie, V3]

Indien "Ja":

- Indien Duitsland geweld sou gebruik om nouer verbintenis met Oostenryk en Tsjeggo-Slowakye teweeg te bring (Bron 5D)
 - Bron 5B verklaar dat die res van die wêreld besig was om verdediging voor te berei
- (2 x 2)
(26)

5.2 NAZI RASSEBELEID TEENoor JODE

5.2.1 [Seleksie, V1]

- Jode
- Sigeuners
- Swartes (Afro-Amerikane)
- Slawiërs

(4 x 1)

5.2.2 (a) [Interpretasie, V2]

- Duitsers was meerderwaardig bo ander rasse
- Meerderwaardigheidskompleks
- Rassisme
- Voorouers was meerderwaardig, ens

(enige 1 x 2)

5.2.2 (b) [Interpretasie, V3]

- Dit wil voorkom of dit suksesvol was.

(1 x 2)

5.2.2 (c) [Interpretasie en analise, V3]

- Die opstel wat deur die Duitse skoolseun geskryf is suggereer dat indoktrinasië redelik gevorderd was in die onderwysstelsel
- Omdat Duitse skoolseun uitstekende opstel (Bron 5E) oor die sg. 'rasseuniekheid' van Nordiese (Duitse) mense geskryf het

[Moontlike alternatiewe interpretasie]

(2 x 2)

5.2.3 [Extrapolering, V4]

- Jesse Owen was Swart en nie van Ariëse oorsprong soos verstaan deur die Nazi Party.
- Gelukwense aan Owen sal teen die grein van sy Nazi Party se rassistiese leer wees
- Gelukwense aan Owen sal verkeerde boodskap aan Duitsers gee, nl. dat dit in orde was vir Duitsers om met Swartes te assosieer

(enige 2 x 2)

5.2.4 (a) *[Empatie en interpretasie, V3, V4]*

- Die skoolseun sal of reageer of letterlik koud gelaat word
- Hy sou waarskynlik nie vir Owen as held beskou nie
- Trots wees daarop dat Hitler nie vir Owen geluk wens

Moontlike alternatiewe interpretasie:

- Hy mag sy onderwyser se onderrig oor die sg. rasse minderwaardigheid van swart mense (enige 1 x 2)

5.2.4 (b) *[Empatie en interpretasie, V3 & V4]*

- Hy sou nie vir Owen as held aansien nie omdat slegs Duitsers veronderstel was om sterk te wees
- Jesse Owen was nie van Ariese oorsprong nie; hy was swart en daarom minderwaardig
- Die seun is geleer om nie-Ariërs te sien as minderwaardig en daarom moes hulle nie gelukwense ontvang nie
- As skoolseun Hitler se optrede ondersteun sou hy trots gewees het op sy leier se optrede
- 'n Swarte (Afro-Amerikaan) het nie verdien om van Hitler gelukwense te ontvang nie
- Moontlike alternatiewe interpretasie (enige 3 x 2)

(24)
[50]

VRAAG 6: DIE KOUE OORLOG IN EUROPA**6.1 DIE TRUMANLEER EN DIE MARSHALLPLAN****6.1.1 [Seleksie van inligting uit bron, V1]**

- Ondersteuning vir nasies wat hul verset teen gepoogde onderwerping deur gewapende minderhede of buitelandse druk
- Voorsiening van finansiële en ekonomiese hulp om dieselfde redes
- Ondersteuning aan nasies om hul vryheid te behou
- Gee uitdrukking aan beginsels van Handves van VN (enige 3 x 1)

6.1.2 [Seleksie van inligting uit bron, V1]

- Beginsels van Handves van VN word geignoreer
- Verwerping van gestelde beginsel van internasionale samewerking en gesamentlike optrede deur supermoondhede
- Instrument waardeur VSA haar wil afdruk op onafhanklike lande
- Ook instrument vir politieke druk (enige 3 x 1)

6.1.3 [Vergelyking en verduideliking van verskillende perspektiewe, V2 & V3]

- Bron 6A: Trumanleer is positiewe ontwikkeling; ondersteun vryheid en samewerking
 - Bron 6B: sien as negatiewe ontwikkeling; gevaar vir wêreldvrede en internasionale samewerking
- Bron 6A: verlewending van beginsels van Handves van VN; insluitend samewerking.
 - Bron 6B sien as ignorering van beginsels van Handves; daarmee ondermyn dit internasionale samewerking
- Bron 6A: uitbeelding as ekonomiese en finansiële hulp ter ondersteuning van ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling/ opheffing/ samewerking
 - Bron 6B instrument vir politieke druk met VSA wat haar wil afdwing op onafhanklike lande. Teenoorgestelde van internasionale samewerking
- Bron 6A: aanvaar dat Trumanleer internasionale samewerking sal ondersteun en bevorder.
 - Bron 6B impliseer verskuiwing weg van daargestelde beginsel van internasionale samewerking.
- Bron 6A: beklemtoon dat Trumanleer instrument is om nasionale soewereiniteit en onafhanklikheid (daarmee ook internasionale samewerking) te verseker
 - Bron 6B: neo-koloniale maatreël wat alles hierbo in gevaar stel
- Bron 6A: vredeliewende maatreël wat internasionale samewerking bevorder.
 - Bron 6B aggressiewe daad; bedreig internasionale samewerking
- Enige ander toepaslike antwoord (enige 4 x 2)

6.1.4 (a) [Vasstelling van vooroordeel, V4]

- Ja, hierdie spotprent is bevooroordeel t.o.v. Marshallplan (1 x 2)

OF

- Nee, hierdie spotprent is nie bevooroordeel t.o.v. Marshallplan nie (1 x 2)

6.1.4 (b) *[Verduideliking van antwoord in (a), V3 & V4]*

Indien antwoord "ja" is:

- Marshallplan word uitgebeeld as 'n reddingsboei
- Die persoon klim op teen loodregte krans uit wat uitgebeeld word as chaos en vernietiging
- Agtergrond toon vernietiging en maatskaplike/ ekonomiese verval

(enige 2 x 2)

OF

Indien antwoord "ja" is:

- Indien Europa sterk genoeg was, kon sy dit op haar eie gemaak het
- Dit is derhalwe alleen 'n reddingsboei - om Europa te help om op haar spreekwoordelike voete te kom
- Bo-op die krans is daar niks behalwe barre grond nie
- Onder op oppervlakte is daar ten minste tekens van infrastruktuur

(enige 2 x 2)

6.1.5 (a) *[Bruikbaarheid van bron, V4]*

- Die spotprent is baie bruikbaar

OF

- Die spotprent het beperkte bruikbaarheid

(1 x 2)

6.1.5 (b) *[Verduideliking van antwoord in (a), V3 & V4]*

Die spotprent is baie bruikbaar:

- Spotprent bied Sowjet-perspektief op Marshallplan
- Amerika word uitgebeeld as ryk man wat rus op verkrummelende gebou (Europa)
- Amerika druk haar wil af op Europa, sonder om belange van Europa in ag te neem
- Geen simpatie met Europeërs wat behoeftig is na Tweede Wêreldoorlog

(enige 2 x 2)

OF

Die spotprent is nie baie bruikbaar nie:

- Die spotprent weerspieel slegs 'n Sowjet-perspektief op die Marshallplan
 - Daarom bevooroordeeld
 - Posisie/ perspektief van Amerika of ontvangers van hulp onder Marshallplan word nie aangebied nie
 - Die historikus/ navorser verkry nie gebalanseerde perspektief op Marshallplan uit hierdie een spotprent nie
 - Bied wel aanduiding van die Sowjet-denke (enige 2 x 2)
- (26)**

6.2 NAVO EN DIE WARSKOUSE VERDAGSORGANISASIE**6.2.1 [Seleksie en interpretasie van inligting, VL2]**

- Artikel 3 verwys na **verdediging** in geval van aanval
 - Artikel 3 verwys ook na **verset** in geval van gewapende aanval
- Artikel 5 verwys na wedersydse **hulp** in geval van aanval (2 x 3)

*(Daar word van kandidate verwag om elke artikel te **verduidelik** en nie slegs 'n aanhaling uit die bron te gee nie)*

6.2.2 (a) [Interpretasie van inligting uit bron, V2]

- NAVO is gesien as aggressiewe organisasie
- Bedreiging vir USSR (2 x 2)

6.2.2 (b) [Bruikbaarheid van bron, V4]

- Spotprent is baie bruikbaar

OF

- Die spotprent het beperkte bruikbaarheid (1 x 2)

6.2.2 (c) [Verduideliking van antwoord in (a), V3 & V4]**Die spotprent is baie bruikbaar:**

- Spotprent reflekteer Sowjet-perspektief op NAVO
- Spotprent help ons Russiese perspektief op NATO verstaan (enige 2 x 2)

OF

Die spotprent is nie baie bruikbaar nie:

- Spotprent reflekteer alleen Sowjet-perspektief op NAVO
- Bevooroordeelde ten opsigte van Russiese perspektief
- Posisie/ perspektief van VAVO-lede word nie gewys
- Die historikus/ navorser verkry nie gebalanseerde perspektief op NAVO uit hierdie enkele spotprent nie
- Enige ander toepaslike antwoord (enige 2 x 2)

6.2.3 (a) *[Interpretasie van inligting, V2 & V3]*

- Nee, dit wil nie voorkom asof daar enige verskil is nie (1 x 2)

6.2.3 b) *[Verduideliking van inligting, V2 & V3]*

- In Stelling 1 duidelik verklaar dat Rusland NAVO gesien het as aggressiewe organisasie wat vernietiging van Rusland beoog
- In Stelling 1 punt ook gemaak daar nog 'n internasionale gevaar nog gevaar van gewapende aanval bestaan
- In Stelling 2 duidelike verwysing na beginsels van samewerking en wedersydse hulp tussen Rusland en haar bondgenote
- Skepping van verenigde bevelstruktuur van gewapende magte kon ook verdedigende oogmerk en karakter geniet het
- Bron 6E verklaar dat NAVO tot stand gebring is vir wedersydse hulp en verdediging
- Enige ander toepaslike antwoord (enige 3 x 2)

(24)

[50]

TOTAAL: 150